Skrifuitleg

Genesis 17:1 - 18:19; 21:1-7

Memoriseervers

Psalm 32:8

NV: *"Ek wil jou onderrig en jou die pad leer wat jy moet volg. Ek wil jou raad gee en my oog op jou hou".*

OV: *"Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees".*

Karakterstudie

Alhoewel Abraham baie oud was, het hy 'n regte keuse gemaak om God se Woord te glo dat Hy vir hom 'n kind sou gee, en God het Sy belofte gehou.

Lesuitkomste

1. Ontdek hoe die onderskeiding tussen reg en verkeerd, 'n verskil kan maak;
2. Besef dat God se Woord aan ons instruksies gee om na te volg, wat ons sal help om die regte keuses te maak;
3. Bespreek situasies waarin spesifieke Bybelverse ons kan help om die regte keuses te kan maak.

Lewensfokus

Ouderdomsvlakwenk

Wanneer studente sê kunsaktiwiteite vervelig is, koop 'n paar intrige kuns voorrade (glitter of metallike penne, ens.) Om hulle te motiveer.

Die Here se Belofte aan Abraham

Ontdek

DOEL

Ontdek hoe dat die onderskeiding tussen reg en verkeerd, 'n verskil kan maak.

MATERIAAL

Bybel, vierkantige papierkaarte, penne.

VOORBEREIDING

Skryf Psalm 32:8 op die papiervierkante neer, een of twee woorde op elke kaart.

WERKSWYSE

Verdeel die klas in twee groepe. Een groep staan voor die klas en hou die verskaarte wat jy voorberei het in 'n deurmekaar volgorde vas. Die tweede groep vind Psalm 32:8 in hulle Bybels en maak beurte om instruksies te gee vir die eerste groep, om hulleself te herrangskik in die vers orde ("Johan gee twee treë na jou regterkant"). As daar meer kaarte as kinders is, rangskik die woorde van een frase op 'n keer.

Kinders lees Psalm 32:8 hardop saam. **Waarvan het jy gebruik gemaak om die woorde in die regte volgorde te rangskik? Noem 'n paar situasies waarin dit moeilik is om instruksies te volg?** Kinders antwoord. **Terwyl julle na die storie luister, dink aan maniere waarin julle God se instruksies kan navolg.**

(Tafelalternatief: Laat elke groep aan teenoorgestelde kante van 'n tafel sit en gee dan instruksies soos: "Johan, stuur jou kaart twee plekke na jou regterkant toe aan").

Studeer

DOEL

Besef dat God se Woord aan ons onderrig gee om na te volg, wat ons sal help om die regte keuses te maak.

MATERIAAL

Bybels, Les 6 *van die iNyaniso Leerling Werksblaaie.*

INLEIDING

Ken jy enige iemand wie amper honderd jaar oud is? Wat kan mense op daardie ouderdom doen? Wat kan hulle moontlik nie meer doen nie? In vandag se storie gaan ons uitvind van iets baie ongewoons wat gebeur het met iemand, wie byna honderd jaar oud was, en met sy vrou, wie nie veel jonger was nie.

Kinders vind Genesis 17 in hulle Bybels. Terwyl jy die volgende opsomming van 'n storie vertel, help die kinders om antwoorde in hulle Bybels te vind.

OPSOMMING VAN DIE STORIE

Abram en Sarai was oud - amper 100 jaar oud! Hulle het op God gewag om Sy belofte na te kom. Jare van te vore, het God belowe om aan Abram sy eie land te gee. God het belowe dat die land aan Abram se kinders en kleinkinders sal behoort, in die jare wat sou volg. Maar Abram en Sarai het egter geen kinders gehad nie en die jare het verby gegaan. Hulle het net ouer

© 2012 iVangeli Curriculum. Moenie reproduseer nie.

Idee om 'n Storie te Vertel

Verdeel die klas in drie groepe. Wys 'n persoon in die storie toe aan elke groep (Abraham, Sarah, die Here). Gee aan elke groep 'n groot vel papier. Elke keer as die kinders stellings uit die Bybel lees, gemaak deur een van die karakters, moet 'n vrywilliger in die groep wie daardie persoon verteenwoordig, 'n gespreksballon teken en uitsny en 'n kort sinnetjie skryf van wat daardie persoon gesê het. (Opsioneel: Sny die gespreksballonne uit voordat die klas begin).

en ouer geword. **Wat dink jy het Abram en Sarai van die belofte gedink?**

God het besluit om hulle aan die belofte te herinner. God het met Abram en Sarai gepraat en het aan hulle nuwe name gegee. **Lees Genesis 17:5 om te hoor wat Abram se nuwe naam was.** "Abraham", beteken: "vader van baie nasies". Sy nuwe naam het hom daaraan herinner dat hy 'n groot nageslag gaan hê. Sarai 'se nuwe naam was: "Sarah", wat "princess", beteken. Maar hulle het steeds geen kinders gehad nie. (Abraham het pa geword van nog 'n kind by Sarah se helper, maar hierdie kind was nie die een wat God belowe het nie).

Abraham het eendag by die opening van sy tent gesit. Dit was warm en Abraham het gehoop dat 'n koel briesie hom sou afkoel. Abraham se oë het oor die land rondom hom gegaan. Skielik het hy drie mans opgemerk wie na hom toe aangekom het. In Bybelse tye is reisigers en besoekers, verwelkom en trakteer as waardevolle gaste. Daarom het Abraham dadelik opgestaan en hulle tegemoet gehardloop. Miskien het hy geweet dat hierdie nie gewone mans was nie. En hy was reg! Een van hulle was die Here self, wat verskyn het as 'n man. Die ander mans was engele. **Lees wat Abraham vir die manne gesê het in Genesis 18:5.**

Die mans het gedoen soos wat Abraham voorgestel het en het gaan sit om te rus. Abraham het haastig na Sarah toe gegaan. Sy was binne in die tent en het moontlik gewonder wie daardie drie vreemdelinge was.

"Maak vinnig vir ons brood", het Abraham vir Sarah gesê. Voordat sy enige vrae kon vra, het hy haastig afgegaan en 'n kalf uitgelies vir ete. Toe het hy aan 'n helper opdrag gegee hoe om dit voor te berei. Daarna het Abraham terug gegaan om met sy gaste te praat, totdat die ete gereed was.

Die ete was spoedig gereed en die gaste is bedien. Die drie besoekers het onder die koel skaduwee van die bome geëet. Terwyl hulle geëet het, het die mans verder met Abraham gesels.

"Waar is Sarah?"

"Daar oorkant in die tent," het Abraham geantwoord.

Lees Genesis 18:10 om uit te vind wat die Here oor Sarah gesê het. Wel, Sarah het na hierdie gesprek geluister van binne uit die tent. En toe sy gehoor het wat die Here gesê het, het sy haar kop in ongeloof geskud. *"Abraham en ek is al te oud om nou kinders te kan kry"*, het sy by haarself gedink. *In teendeel, die hele idee van twee mense, so oud soos ons, wat 'n kind gaan h*ê, het *baie snaaks gelyk!* En met daardie gedagte, het Sarah hardop begin lag.

Lees verse 13 en 14 om uit te vind wat God vir Abraham gevra het. Alhoewel Sarah gedink het dat niemand haar kon hoor nie, was sy verkeerd. Die Here het haar hard en duidelik gehoor!

Sarah moes bang gevoel het. **Lees vers 15 om uit te vind wat Sarah gedoen het.** Daar was geen manier hoe Sarah haar gedagtes en dade vir die Here kon verberg nie. Sarah het die Here in die eerste plek nie geglo nie. Sy het selfs gekies om vir Hom te jok! Maar God het Sy belofte gehou. En presies daardie tyd oor 'n jaar, het Sarah geboorte geskenk aan 'n babaseun! Sarah was so gelukkig met haar nuwe babaseun, dat sy hom Isak genoem het, wat beteken: "hy lag".

Dink net hoe Abraham en Sarah toe moes gevoel het! Na al hierdie jare van wag, en ten spyte van hoe oud hulle was, het God se belofte waar geword! Toe Isak 'n paar jaar oud was, het Abraham 'n groot partytjie beplan om Isak se se geboorte te vier. Al hulle familie en vriende het God geprys omdat Hy Sy belofte nagekomgehou het .

SAMEVATTING

Abraham en Sarah het geleer dat God se beloftes altyd waar is. God se Woord is ook vandag vir ons waar. Die instruksies waarvan ons in die Bybel lees, sal ons help om regte keuses te maak.

Vra hierdie vrae terwyl die kinders die Bybel storie hersieningsaktiwiteit op bladsy 2 van die *iNyaniso Leerlingf Werksblaaie voltooi*:

- **Waarom het God vir Abram en Sarai nuwe name gegee? Wat het die nuwe name beteken?**
- **Wie het gekom om Abraham te ontmoet? Hoekom het hulle hom besoek?**
- **Hoe het Sarah reageer op dit wat die besoekers gesê het? Hoekom dink jy het sy gejok oor oor die manier waarop sy reageer het?**

As die kinders die korrekte: "Waar en Vals" keuses maak, sal die omkringde letters, uitspel: *"Goeie keuse."*

Kinders voltooi die memoriseervers aktiwiteit: "Rekenaar Probleme", op bladsy 1, terwyl hulle Psalm 32:8 in hulle opsoek.

- **Wat sê Psalm 32:8 sal God vir ons doen?**
- **Noem 'n paar voorbeeldedeur God ons leer?**
- **Wanneer het jy God nodig om jou te leer van: "die pad waarop jy moet gaan"?**

Die antwoorde is:

1. *Bid voor jy lees.*
2. *Lees gere*eld.
3. *Besluit reguit om te doen wat die vers s*ê.
4. *Doen dit.*

© 2012 iVangeli Curriculum. Moenie reproduseer nie.

Kies een van die volgende aktiwiteite.

DOEL

Bespreek gebeurtenisse waarin spesifieke Bybelverse ons help om regte keuses te maak.

Dramaopsie In die Kalklig

MATERIAAL

Bybel, papier, penne, twee flitse, blinddoek.

VOORBEREIDING

Skryf Bybelverse op aparte velle papier (sien hier onder vir idees). Maak een papier vir elke groep van twee of drie kinders.

WERKSWYSE

1. Verdeel die klas in groepe van twee of drie. Gee aan elke groep ‘n vel papier wat jy voorberei het. Elke groep soek hulle vers in die Bybel op en lees die vers hardop. Vrywilligers deel ‘n gebeurtenis waarin die Bybelvers ‘n persoon kon help om te weet wat is die regte keuse om te maak.

- **» Wanneer sal ‘n kind moet kies tussen (om die waarheid te praat en om ‘n leuen te vertel)?**
- **» Hoe kan hierdie Bybelvers ‘n kind help om in hierdie situasie die regte keuse te kan maak? Watter een van die ander verse sal ‘n kind in hierdie situasie kan help?**
- **» Wanneer hierdie selfde situasie gebeur het (by die skool), hoe sou die keuse dieselfde kon bly of anders wees?**

2. Al die kinders staan in een sirkel, met een vrywilliger in die middel. Die vrywilliger word geblinddoek en die flitse word vir hom/haar gegee. Skakel die flitse aan. Terwyl die vrywilliger tot tien tel en die flitse rondswaai, ruil die ander kinders plekke in die sirkel. Sodra die vrywilliger by tien tellings kom, moet almal vries. Vrywilliger hou aan om die flitse te swaai vir nog ‘n paar sekondes en vries dan ook, terwyl die twee flitse na verskillende persone in die sirkel wys.

3. Die kind wat die naaste staan aan die lig van die flits in die vrywilliger se linkerhand, is die regisseur. Die kind wat die naaste staan aan die lig van die flits in die vrywilliger se regterhand, is dan die akteur. Die regisseur kies ‘n papier en lees die Bybelvers hardop. Die akteur praat en stel ‘n situasie voor (mimiek) waarin daardie vers, ‘n kind kan help om die regte keuse te maak. Die ander kinders raai watter tipe situasie voorgestel word. (As die situasie na drie of vier probeerslae nie geraai kan word nie, vertel die akteur wat die situasie is wat voorgestel is). Die akteur word die volgende vrywilliger wat dan die flitse vashou en die speletjie word weer gespeel.

ONDERWYSWENKE

Voorgestelde Bybelversfrases: “Praat die waarheid” (sien Psalm 119:30); “Wys God se liefde” (sien Markus 12:30,31); “Vergewe ander” (sien Lukas 6:37); “Deel met ander” (sien Romeine 12:13); “Gehoorsaam jou ouers” (sien Efesiërs 6:1); “Bid oor jou bekommernisse” (sien Filippense 4:6); “Doen jou beste” (sien Kolossense 3:23); “Dank God” (sien 1 Tessalonisense 5:18).

Kunsopsie Groepeer Bymekaar

MATERIAAL

Bybels, karton, khokis, skêre.

VOORBEREIDING

Trek lyne op karton om legkaartstukke te maak wat by mekaar pas - een legkaartstuk vir elke kind in jou klas (sien skets). Skryf ‘n Bybelvers neer wat ‘n persoon sal kan help om ‘n regte keuse in ‘n situasie te kan maak. Maak seker dat elke legkaartstuk ‘n deel van die vers bevat. Sien die Onderrigwenke vir die Drama-opsie (links) vir versvoorstelle. Sny die legkaartstukke los van mekaar.

WERKSWYSE

1. Nooi die kinders om saam te werk om die legkaart te bou. As ‘n vrywilliger die vers hardop voorlees soos dit geskryf is op die legkaartstukkie, lei die kinders daarin om saam te praat oor hoe die vers kinders van hulle ouderdom kan help om regte keuses te maak. Gebruik die volgende vrae:

- **» Hoe kan jy hierdie Bybelvers gehoorsaam in ‘n situasie by die skool? by die huis? in die kerk? in die park?**
- **» Het hierdie vers al vir jou of vir iemand wie jy ken, gehelp?**
- **» Watter ander Bybelverse ken jy wat jou moontlik kan help in ‘n situasie soos hierdie?**

2. Deel een legkaartstuk vir elke kind uit. Kinders vind en lees die vers in die Bybel. Elke kind teken ‘n prent van een van die situasies wat bespreek is op sy of haar legkaartstuk, of hulle teken hulle eie situasie.

3. Sodra die prente klaar is, laat die kinders toe om die legkaartstukke aan mekaar te sit. Vertoon die voltooide legkaart.



GEBED

Lees Psalm 119:33-35. **Watter woorde word in hierdie vers gebruik, wat beteken: “om God se instruksies uit te voer”? Om God se instruksies te volg, is ‘n goeie manier om regte keuses te maak. Kom ons luister weer na die woorde en vra God in stilte, om ons te help om die regte besluit te neem.** Lees die vers terwyl die kinders saggies met God praat. Sluit die gebedstyd af deur God te dank vir Sy hulp in die maak van regte keuses.

AANBIDDINGSLIED

Sing ‘n lied oor hoe God se Woord jou help om regte keuses te kan maak.

© 2012 iVangeli Curriculum. Moenie reproduseer nie.